



**Figuur 57:** Brandhouthalers, volgens 'n waterverftekening van H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 92.



**Figuur 58:** 'n Wavrag brandgoed na 'n uitputtende dag in die platteland, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/9.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 95.



**Figuur 59:** 'n Wasgoedslavin, heelwaarskynlik van Mosambiekse afkoms, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/22.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 123.

Wegloperslawe het dié taak vergemaklik deur, in ruil vir brood, vleis en vis, timmerhout vir die slawe te kap en dit in bondels teen die berg te laat afrol waar die slawe dit makliker kon bereik en in drabare bondels aan die twee punte van 'n vyfvoet (byna twee meter) lange bamboespaal kon bind. Met die paal – soos 'n juk oor hulle skouers gebalanseer – het die houthalers na 'n dag se harde werk die laaste tog na die stad op 'n drafstap afgelê.<sup>209</sup> Talle houthalers, wat veral Maleierslawe en slawe van Afrika en Madagaskar ingesluit het,<sup>210</sup> was saans met swaar vragte brand- of timmerhout (Fig. 57) of wavragte vol brandgoed (Fig. 58)<sup>211</sup> op die grootpad na Kaapstad op te merk.<sup>212</sup> Na hulle vrystelling het sommige slawe houthandelaars geword. In 1835 is Adam van die Kaap, Jonas van Ceylon en Rabia van die Kaap as houthandelaars in die *Kaapsche almanak en naamboek* gelys.<sup>213</sup>

'n Belangrike taak wat deur een van die slawemans in die Kaapstadse huishouding behartig is, was die verwydering van nagvuil, “alzoö men geen doorlopende gemakken heeft”, aldus De Jong.<sup>214</sup> Wetgewing wat slawe verplig het om nagvuilbalies “nergens anders dan aan het strand in zee ... uijt te gieten” is ingevoer nadat hulle dit geriefliker gevind het om nagvuil sommer in die kanale te stort.<sup>215</sup> Hulle taak het ook die verwydering van alle huishoudelike afval behels.<sup>216</sup>

**Wasgoedslawe** was onontbeerlik in die Kaapse huishouding. Die fisiese krag en uithouvermoë van die Mosambiekse slavinne hulle veral as wasvrouens (Fig. 59) geskik gemaak.<sup>217</sup> Etlike Mosambiekse slavinne wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu in besit van Kaapstadse burgers, amptenare en vryswartes was, is as wasgoedslawe in die *Slaweregister* aangeteken. Van hulle was onder meer Lea van Mosambiek,<sup>218</sup> Hanna van Mosambiek,<sup>219</sup> Rachbat van Mosambiek,<sup>220</sup> Roosje van Mosambiek,<sup>221</sup> Lea van Mosambiek,<sup>222</sup> Johanna van

<sup>209</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 90.

<sup>210</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 289; I.E. Edwards, *Towards emancipation*, p. 16.

<sup>211</sup> C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 123; Lady A. Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 38; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 70; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 288; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 20.

<sup>212</sup> *Gleanings in Africa*, p. 59; Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 157.

<sup>213</sup> J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 46 en 59.

<sup>214</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

<sup>215</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 163.

<sup>216</sup> R. Ross, *The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town*, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 9.

<sup>217</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 53.


<sup>218</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 30: Register of Slaves, 1816-05-29.

<sup>219</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 10: Register of Slaves, 1816-05-31.

<sup>220</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 15: Register of Slaves, 1816-06-20.

<sup>221</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1816-09-09.

<sup>222</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 37: Register of Slaves, 1816-11-14.



General view of Cape Town and Table Bay


**Figuur 60:** Wasgoedslavinne besig met hulle taak aan die bo-punt van 'n vlak rotsagtige stroompie by Platteklip, hoër op aan die voet van Tafelberg, volgens 'n pen-en-inktekening in 1832 deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 3015.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 40.



**Figuur 61:** Die "klipslaan"-wasm metode, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 84.



**Figuur 62:** Wasgoedslavinne besig met die “moorddadige wasschen” van wasgoed, soos die Kaapse wasmetode deur M.D. Teenstra beskryf is, volgens ‘n tekening deur sir Charles D’Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. A 74/2539/8.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 94.



**Figuur 63:** Wasgoedslavinne al geselsend en wassend in ‘n vlak stroompie volgens ‘n litografiese tekening deur J.C. Poortermans.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of litographic drawings, containing views, characters, plants, etc., of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), plaat 8.

Mosambiek,<sup>223</sup> Cathryn van Mosambiek,<sup>224</sup> Sara van Mosambiek,<sup>225</sup> Philida van Mosambiek<sup>226</sup> en Regina van Mosambiek.<sup>227</sup> Alhoewel die meerderheid wasgoedslawe van Mosambiekse afkoms was, is ander slawe ook vir die werk aangewend.<sup>228</sup> Soms het slawemans die wasgoed in die huishouding hanteer, soos die geval van Jason van Mosambiek, wat in diens van Jan Frederik Beck was,<sup>229</sup> en Alves van Batavia, wat die wasgoedslaaf in die huishouding van weduwee Margaretha de Bruin was.<sup>230</sup>

Wasgoed is gereeld deur die slawe aan die bo-punt van 'n vlak rotsagtige stroompie hoër op aan die voet van Tafelberg by Platteklip gewas (**Fig. 60**).<sup>231</sup> Mentzel het dié deel van die stroom as “the regular wash house for the soiled linen of the town” beskryf.<sup>232</sup> Die pad wat na hierdie natuurlike wasplek by Platteklip gelei het, staan vandag as die Ou Slawewandelpad bekend. Op mooiweersdae was daar ongeveer 'n honderd slawe besig om die wasgoed van die Kaapstadse huishoudings by dié natuurlike “washuis” te was. Die wyse waarop wasgoed gewas is, is deur besoekers vreemd en ongewoon gevind, aangesien dit aansienlik van die Europese wasmetode verskil het.<sup>233</sup> In die agtiende eeu het die susters Lammens na die bergstrome verwys waar al die linne gewas word en “tegen steene trappen so lang met Spaanse seep word geslagen tot [het] schoon is, en komt thuijs soo wit als sneeuw, maar of het heel is, laat ik den leser oordeelen”.<sup>234</sup> Met verwondering het Teenstra dié “moorddadig wasschen” deur die slawe beskryf: “... in plaats van tusschen de vuisten, schuurt men de kleedingstukken op eene groote klip ... en niet zelden tusschen twee rotsteenen; ook slaat men met zijne volle kracht op de kleederen, dezelve bij het eene einde nemende, op die klippen, dat de knopen in de lucht vliegen.”<sup>235</sup> J.C. de Meillon, Charles D'Oyly en J.C. Poortermans het afbeeldings (**Fig. 61, 62 & 63**) van dié wasmetode deur die slawe gemaak. Die wasgoed is eers in die vloeiende stroompie met 'n klip daarop geplaas om deeglik nat te word. Hierna is elke kledingstuk teen 'n rots of die plat klip skoongeslaan, terwyl dit gereeld in die water gedoop is. Die kledingstukke is dan met seep ingevryf en elke artikel op die gras oopgesprei om in die son te bleik, terwyl dit deurentyd klam gehou is. Na 'n paar uur is die wasgoed weereens in die stroom gedompel en teen die rotse geslaan om die seep te verwyder. Daarna is dit uitgespoel en op die gras oopgesprei om droog te word. Die meerderheid wasgoed was van Oos-Indiese katoen en het na dié wasproses spierwit daaruitgesien. Die hemde en onderklere is nie gestryk

<sup>223</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 1: Register of Slaves, 1817-06-25.

<sup>224</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

<sup>225</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 45: Register of Slaves, 1817-02-26.

<sup>226</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 52: Register of Slaves, 1817-03-29.

<sup>227</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1819-03-30.

<sup>228</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1816-05-10.

<sup>229</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 53: Register of Slaves, 1827-03-19.

<sup>230</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 55: Register of Slaves, 1816-07-01.


<sup>231</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 141; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 53; R.C.-H. Shell, *De Meillon's people of colour*, p. 13.

<sup>232</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 141.

<sup>233</sup> *Loc. cit.*

<sup>234</sup> Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haften), p. 98.

<sup>235</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 370.



**Figuur 64:** 'n Kaapse koets met agt perde wat oorwegend deur slawekoetsiers hanteer is, afgebeeld deur lady Anne Barnard.

Uit: D. Fairbridge (red.), *Lady Anne Barnard of the Cape of Good Hope 1797 - 1802* (Oxford, 1924), teenoor p. 36.

nie. Fyn linnegoed en vroueklere, soos haarversierings, serpe, polsbande en -strikke, is wel met 'n kole-yster gestryk.<sup>236</sup>

Na hulle vrystelling het verskeie vryslawe hulle dienste as wasgoedbediendes teen betaling aan die Kaapstadse inwoners beskikbaar gestel. In 1820 was daar 101 vryswart vroue in Kaapstad wat as wasvroue 'n lewe gemaak het.<sup>237</sup> In 1835 is onder meer Ambroosa van die Kaap, Adriaan van die Kaap, Assima van die Kaap, Clara van die Kaap, Debora van Madagaskar, Francina van die Kaap, Hanna van die Kaap, Hendrina van die Kaap, Hester van die Kaap, Jenoon, Lena van die Kaap, Maria van Jambang, Maria Clarendia, Martha van die Kaap, Porsia, Rabodos van Malagas, Rakiba, Rasmi van die Kaap, Salasa van die Kaap, Sanna van die Kaap, en Sila by name as wasbediendes in die *Kaapsche almanak en naamboek* aangeteken.<sup>238</sup>

Vervoer in Kaapstad het hoofsaaklik deur middel van 'n koets of perdewa (**Fig. 64**) geskied wat die dienste van 'n **koetsier en stalkneg**<sup>239</sup> onontbeerlik gemaak het. Die stalkneg moes die voeding en versorging van die perde behartig en na die rytuie en toebehore omsien. Uit die *Slaweregister* blyk dit dat talle Kaapse huishoudings 'n koetsier of stalkneg of albei gehad het. Van hulle was onder meer die sewentigjarige Michiel van Malabar, wat in diens van Johannes Aspeling was,<sup>240</sup> Leendert van Madagaskar,<sup>241</sup> April van Mosambiek,<sup>242</sup> Januarie van Malabar<sup>243</sup> en November van Batavia, wat in diens van Andries Willem Beck was.<sup>244</sup> Die Maleierslawe was veral as koetsiers gewild,<sup>245</sup> alhoewel dit uit die *Slaweregister* blyk dat Kaapsgebore slawe, veral in die eerste helfte van die negentiende eeu tydens die kreolisering van Kaapse slawe, as koetsiers benut is. In 1816 was beide die Kaapsgebore slawe Moses en Africa as koetsiers in diens van David Anosi,<sup>246</sup> terwyl Adam van die Kaap die eiendom van Dirk Aspeling was<sup>247</sup> en Mozes van die Kaap as koetsier in die huishouding van Jan Baumgart diens gedoen het.<sup>248</sup> Sekere eienaars het Mosambiekse slawe as koetsiers verkies, soos Damon en Carolus van Mosambiek, wat beide aan Jan Bam behoort het.<sup>249</sup> Tydens die binnelandse reis

<sup>236</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 141.

<sup>237</sup> N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

<sup>238</sup> J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 28, 34, 36, 44, 46, 50, 53, 63 en 64.

<sup>239</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 142.

<sup>240</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 20: Register of Slaves, 1818-03-25.

<sup>241</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14.

<sup>242</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.

<sup>243</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 18: Register of Slaves, 1816-05-21.

<sup>244</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 40: Register of Slaves, 1816-05-10.


<sup>245</sup> W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

<sup>246</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

<sup>247</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1816-10-18.


<sup>248</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

<sup>249</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.



**Figuur 65:** Slawebediendes vergesel 'n Kaapse gesin op 'n uitstap in die Heerengracht, volgens 'n pen-en-inktekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/15.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 48.



**Figuur 66:** 'n Sedanstoel word deur twee kaalvoet slawe in livreidrag oor Groentemarkplein gedra. Detail uit *Gezicht van het Stadhuis aan Cabo de Goede Hoop* deur Johannes Rach, 1764.

Uit: E.C. Godée Molsbergen en J. Visscher (samestellers), *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 52.



van lady Anne Barnard het die geleende slaaf Gaspar as koetsier opgetree.<sup>250</sup>

Die bedrewenheid van hierdie koetsiers in die koetsrykuns en hantering van 'n sweep was alom bekend en het sekere besoekers genoop om dit in hulle dagboeke en reisbeskrywings aan te teken. In die laat-agtiende eeu het De Jong hom met verwondering hieroor uitgelaat: "De koetsiers die slaven zijn hebben zeer veel kunde en slag van rijden ... De koetsiers zijn op het slaan van deze zweepen zoodanig afgericht, dat zij een vogeltje mede van den grond ligten en een gulden, die op een afstand gelegd, zelden missen zullen ." <sup>251</sup> In die negentiende eeu het Burchell die bedrewenheid van die Kaapse slawekoetsiers bevestig: "In dexterity these coachmen [Malays] excel all our boasted and most accomplished "whips", even to the first rate; for it is a common sight in Cape Town, to see a Malay standing in a long *paardewagen*, driving six horses at full trot, and turning the corners of the streets with the greatest facility."

<sup>252</sup> Alhoewel daar geen twyfel oor die bekwaamheid van die slawekoetsiers bestaan het nie, het De Jong die groot aantal ongelukke in die Kaapse strate aan die "liefhebberij voor rijden en selfs voor dol rijden", die eenaars se agterloosigheid om die wa en tuie deeglik te laat nasien sowel as die somtydse besopenheid van die koetsiers toegeskryf.<sup>253</sup>

Na hulle vrystelling het sommige vryslawe hulle dienste as koetsiers en stalknegte aan die inwoners van Kaapstad verhuur. 'n Lys van beroepe in Kaapstad van 1820 dui die getal vryswart koetsiers as 25 aan.<sup>254</sup> In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is onder meer Abdol Roel, Carolus van die Kaap, Flip sowel as Salie van die Kaap as koetsiers aangedui, terwyl Afrika van die Kaap, Friday, George en Thom van Malagas as stalknegte gelys is.<sup>255</sup> Die **wadrywers** se taak het onder meer die vervoer van vrag, soos brandhout van een punt na 'n ander, behels.

Wat huishoudelike slawe betref, het hulle 'n belangrike rol tydens straatuitstappies (**Fig. 65**), kuiertogte en kerkgang gespeel. Tydens dié okkasies in Kaapstad is gegoede meesteresse in sedan- of draagstoel deur twee **sedanstoeldraers** vervoer <sup>256</sup> (**Fig. 66**). Die sedan- of draagstoel was 'n toegeboude stoel met 'n deur en glasvenster <sup>257</sup> wat aan die binnekant met fluweel of damask uitgevoer en aan die buitekant soms ryklik beskilder was.<sup>258</sup> De Jong het

<sup>250</sup> Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 107.

<sup>251</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 92.

<sup>252</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

<sup>253</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 93.

<sup>254</sup> N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

<sup>255</sup> J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 34, 39, 40, 63 en 65.

<sup>256</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143; R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

<sup>257</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

<sup>258</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.



**Figuur 67:** Juffrou van Kerwel, dogter van goewerneur Van Kerwel en haar sambreeldraerslaaf (regs op die voorgrond) by die toneel van die gestrande Nederlandse skip *De Visch* wat in 1740 by Kampsbaai op die rotse geloop het, volgens 'n olieverfskildery toegeskryf aan Jürgen Leeuwenberg. Oorspronklike skildery tans in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), teenoor p. 135.

opgemerk dat die Kaapse draagstoele “niet zonder zwier gemaakt” is.<sup>259</sup> Later is van die meer elegante Londense draagstoele gebruik gemaak, “whose neatness and elegance have cut up the splendid antiquity of these other cumbrous conveniences”, aldus Hudson.<sup>260</sup> Slawe het die sedanstoel met die hand aan pale wat in metaalpasstukke langs die stoel ingesteeek is, gedra.

Die sedanstoeldraers was gewoonlik in livreedrag geklee, terwyl die versierde bande oor hulle bors wat aan die sedanstoel vas was, as ondersteuning tydens die draery gedien het.<sup>261</sup> In 1806 het Hudson die uitrusting van die sedanstoeldraers beskryf: “They [the two slaves for her sedan] must attend her in their gala Dresses with their strips of Red Brazil Skin stitched with White Leather rozes and all the exterior finery of a London Market team (except the Bells).”<sup>262</sup> In die agtiende eeu het ‘n hele paar gegoede Kaapstadse burgers sedanstoele besit, wat weens gereelde gebruik gerieflikheidshalwe in die voorkamer gehuisves is. Een van die bekendste draagstoelsbesitters was die gegoede en bekende Kaapse bibliofiel, Joachim von Dessin,<sup>263</sup> terwyl die boedelinventaris van die gegoede Anna de Koningh tussen die aansienlike aantal en wye verskeidenheid items ook ‘n draagstoel aangee.<sup>264</sup>

Tydens aankuiertjies is die gevolg deur ‘n **voetstoofdraer** en een of twee **lanterndraers** aangevul.<sup>265</sup> Aankuiertjies en -gesellighede was ‘n algemene verskynsel aan die Kaap en die slawe wat die sedanstoel en lanterns moes dra het saans om nege uur, sodra die kanon by die Kasteel afgevuur is, by die voordeur of in die portaal vergader<sup>266</sup> om hulle meesters en meesteresse veilig deur die donker Kaapse strate na hulle huise te vervoer en te begelei. Straatuitstappies wat saans onderneem is, was ‘n algemene ontspanningsaktiwiteit van die Kaapstadse inwoners. Dit was meer ‘n straat- as huiskuiery, waartydens vriende gegroet en daar gelag, gesels en grappies gemaak is. Na alle waarskynlikheid was slawe, veral die lantern- en sedanstoeldraers, deel van die gevolg tydens die sawendse “street-walking”.<sup>267</sup>

Kerkbesoeke en kuiertogte in die dag is soms deur slawe wat as **sambreeldraers** opgetree het, meegemaak. Vir dié doel het Von Dessin “4 sommereelen met 1 voet” in sy voorhuis aangehou.<sup>268</sup> Uit ‘n illustrasie van die stranding van *De Visch* (**Fig. 67**) blyk dit dat juffrou Van Kerwel en haar sambreeldraer deel was van die groep mense wat die toneel besoek het. Tydens die Eerste Britse Besetting het lady Anne Barnard melding gemaak van die gesette Kaapse vroue en hulle dogters wat op pad na die kerk deur slawe wat sambrele van groen sy gedra

<sup>259</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 130.

<sup>260</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

<sup>261</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

<sup>262</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

<sup>263</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, pp. 31 en 32.

<sup>264</sup> K.A.B.: MOOC. 10/4/126 & 127: Boedelinventaris van Anna de Koningh, 1733.

<sup>265</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, pp. 29 - 30.

<sup>266</sup> P.B. Borchers, *An auto-biographical memoir*, pp. 206 en 234.

<sup>267</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 35.

<sup>268</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 30.

het, vergesel is. Volgens haar was dit nie net tot die vrou beperk nie, want “... each corpulent Dutchman had his poor mortal behind him, some of them almost children, hoisting the umbrella over his head and ready to fly at his orders”.<sup>269</sup> Die Prag en Praalwette wat in 1755 deur goewerneur Rijk Tulbagh (1699 - 1771) uitgevaardig is, het onder meer die gebruik van sambrele gereguleer. Hiervolgens is geen amptenaar onder die rang van onderkoopman wat nog nie op enige regerende liggaam gedien het nie, sowel as sy vrou, toegelaat om die Kasteel met ‘n sambreel te besoek nie.<sup>270</sup> Vanaf 1743 het Von Dessin die rang van onderkoopman beklee en sou dus heeltemal binne die reg opgetree het deur met ‘n sambreeldraerslaaf in die Kaapstadse strate te verskyn.<sup>271</sup>

Slawe in private huishoudings het ook as **assistente** en **bediendes** tydens daguitstappies en ontspanningstogte in die natuur opgetree. Dit was veral tydens visvanguitstappies na die “Waterplaats”<sup>272</sup> (die seefront aan die voet van Leeukop) en pieknieks of natuurwandelings in die omgewing van Tafelberg,<sup>273</sup> wat slawe as gidse, sambreeldraers, algemene assistente en kokke saamgeneem is. Vis, mossels en seeslakke wat gevang is, is op die uitspanplek as piekniekmaal deur die slawe voorberei.<sup>274</sup> Tydens bergklimuitstappies, veral deur Platteklip Kloof tot op Tafelberg, het slawe as gidse, kosmandjiedraers en as hulp aan dames en vermoeide klimmers opgetree.<sup>275</sup> Tydens die bergklimtog van Mentzel en sy geselskap teen Tafelberg, het drie slawe vinnig vooruit geklim en ‘n rojale piekniekete van koue ham, skaap- en beesvleis, brood en broodrolletjies, botter, melk en Oos-Indiese arak vir die vermoeide klimmers uitgepak.<sup>276</sup> Besoekers wat plant- en inseksemplare in die veld rondom Kaapstad versamel het, het van slawe gebruik gemaak om die nodige houers en boeke saam te dra, soos dit die geval met die botanikus Thunberg<sup>277</sup> en Burchell<sup>278</sup> was.

Wat die binneshuise slawe betref, het die **kok** ‘n belangrike plek in die Kaapse huishouding ingeneem.<sup>279</sup> Alhoewel daar aanduidings is dat beide slawemans en slavinne van Indiese herkoms as kokke in die Kaapse huishoudings aangewend is,<sup>280</sup> het die Maleierslawe volgens waarnemers ook hulle plek in die Kaapse kombuis volgestaan. In 1811 het Burchell opgemerk

<sup>269</sup> D. Fairbridge, *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1791 - 1802*, pp. 23 - 24.

<sup>270</sup> C.F.J. Muller, *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 76.

<sup>271</sup> E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

<sup>272</sup> A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein: journaal van verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van Het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 64 - 65; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 113.

<sup>273</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

<sup>274</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 113.

<sup>275</sup> *Ibid.* I, p. 92; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 39 - 41 en 48.

<sup>276</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 89.

<sup>277</sup> C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 271.

<sup>278</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 17.

<sup>279</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 57; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 289; J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 94.

<sup>280</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 en 289.

dat die Maleierslavinne onder meer ook hierdie amp in die Kaapse huishoudings beklee het.<sup>281</sup> In die *Slaweregister* is talle kokke in diens van Kaapstadse inwoners aangeteken. Van hulle was onder meer Cupido van Malabar, wat die eiendom van Abraham Schickerling was,<sup>282</sup> Hannibal van Ceylon, wat as kok in die huishouding van Ernst Schrader diens gedoen het,<sup>283</sup> terwyl Jason van Ceylon, 'n kok in diens van Johannes Blanckenberg was.<sup>284</sup> Alexander van Bengale het die amp in die huishouding van Gerrit Beelaerts van Blokland beklee,<sup>285</sup> Jephtha van Batavia was die kok van Philippus Albertus<sup>286</sup> en Didor van Malabar het die kombuis van Fransiscus Becker beman.<sup>287</sup> Uit die *Slaweregister* blyk dit voorts dat die slawe van Mosambiekse herkoms ook as kokke in die huishoudings diens gedoen het.<sup>288</sup> In 1806 het Hudson dié gegewe bevestig.<sup>289</sup> Die Malgassiese slaaf Jason, wat Joachim von Dessin op 30 April 1756 aangekoop het, het homself as beide kok en bakker van “alderhanden gebackten van taarten, banketten, marsepijnen, en ander zuijkerwerk” onderskei.<sup>290</sup>

Benewens die kok, is 'n slaaf in sommige gevalle uitsluitlik as **bakker** in die huishouding aangewend. Slawebakkers sou onder meer gemoeid wees met die voorbereiding van suurdeeg, die “oorsuur”, “deurknief”, “opmaak” en bak van brood. Nadat die regte hitte van die oond bepaal is deur 'n hand tot dertien tellings in die oond te kan hou, is die kole uitgekrap en die brood met langsteeloondskoppe in die bakoond langs die vuurherd ingestoot. Na 'n uur se bak, is dit met 'n ysteroondhak uitgehaal. Terte en kolwyntjies is gebak deur gloeiende kole oor die deksels van panne, wat op hulle eie pote in die vuurherd gestaan het, te krap.<sup>291</sup> In 1816 was die slaaf April van Senegal 'n banketbakker in die huishouding van Valentinus Schonberg,<sup>292</sup> terwyl Mandi van Mosambiek die bakker van Egbert Andries Buyskes was.<sup>293</sup> Op 19 Maart 1825 is beide Mosambiekse slawe Francois en Saphier as bakkers van William Hunt in die *Slaweregister* aangeteken.<sup>294</sup> Sommige vrygestelde slawe het as kokke en bakkers 'n bestaan in Kaapstad gemaak. In 1820 dui 'n lys van beroepe in Kaapstad drie vryswartes as bakkers aan.<sup>295</sup> In *The South African directory and almanac for 1834* is beide Avon van China en Francis as kokke aangedui.<sup>296</sup> In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is Johan

<sup>281</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

<sup>282</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 19: Register of Slaves, 1817-08-27.

<sup>283</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 43: Register of Slaves, 1816-06-05.

<sup>284</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 34: Register of Slaves, 1816-05-05.

<sup>285</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 37: Register of Slaves, 1816-06-08.

<sup>286</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1819-07-15.

<sup>287</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 66: Register of Slaves, 1816-07-22.

<sup>288</sup> K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35, 1816 - 1838.

<sup>289</sup> R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

<sup>290</sup> J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 59.

<sup>291</sup> R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 57 - 62.

<sup>292</sup> K.A.B.: SO. 6/35, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

<sup>293</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 27: Register of Slaves, 1816-05-29.

<sup>294</sup> K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1825-03-19.

<sup>295</sup> N. Worden, E van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

<sup>296</sup> G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 208 en 219.



**Figuur 68:** 'n Naaldwerkslavin van Malgassiese afkoms, volgens 'n tekening deur lady Anne Barnard.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 51.

Fruncis, Pieter van Johanna, Joosie, sowel as Ramie van die Kaap as kokke gelys, terwyl Pamela Salomonse as banketbakster aangedui word.<sup>297</sup>

Die invloed wat veral die Oosterse slawekokke op die Kaapse kookkuns sowel as op die Afrikaanse taal uitgeoefen het, word in *Hoofstuk VI: Bydrae van die Kaapse slawe tot aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, 1652 - 1838*, bespreek.

**Slawenaaldwerksters (Fig. 68)** was 'n onmisbare deel van die Kaapse huishouding. Drie of vier slavinne is gewoonlik met naai- en breiwerk besig gehou.<sup>298</sup> Soms het vier tot ses slawe op houtbankies aan die onderpunt van die lang breë "gaanderij" gesit en naaldwerk doen.<sup>299</sup> Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat slavinne van Bengale en Malabar, sowel as Maleier- en Kaapsgebore halfslag slawe hulle vrye tyd na die afhandeling van hulle dagtaak met naald- en breiwerk in die meester se huis verwyd het.<sup>300</sup>

Oor die groot aanvraag na knap naaldwerksslavinne van Bengale, die Koromandelkus, Surat en Makassar het Mentzel opgemerk dat "[t]he ladies of the Cape value their services because they take a pride in fine needlework, knitting and crocheting, and are very fond of hand-made lace. I have known some ladies who always employed two or three woman in that work only".<sup>301</sup> Mentzel het self by meer as een geleentheid patrone vir naald- en borduurwerk teen betaling ontwerp om deur die slavinne gemaak of borduur te word.<sup>302</sup> Dacca in Oos-Bengale was veral bekend vir pragtige borduurwerk. In die 1760's het mevrou Kindersley tydens haar besoek aan die Ooste opgemerk dat die pragtige naald- en borduurwerk deur Bengaalse mans van Dacca gemaak is: "They will copy from any pattern you give them with the greatest exactness, but never invent a pattern of their own."<sup>303</sup> Indiese slawe het dus 'n groter aanleg in die praktiese uitvoer van naald- en borduurwerk as in die ontwerp daarvan gehad. Aan die Kaap was oorwegend slavinne die naaldwerksters. Alhoewel Mentzel die Indiese en Oos-Indiese slavinne in die eerste helfte van die agtiende eeu as knap naaldwerksters uitgesonder het, blyk dit uit die *Slaweregister*, wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, dat die kreolisering van slawe die Kaapsgebore slavin as knap naaldwerksters na vore laat tree het. Na alle waarskynlikheid het sy Indiese of Oos-Indiese bloed in haar are gehad. As voorbeeld was beide die Kaapsgebore slavinne Rachel en Eva in 1817 naaldwerksters in die huishouding van Henry Alexander,<sup>304</sup> terwyl Annet van die Kaap as naaldwerkster van Marthinus Smuts in die *Slaweregister* aangeteken is.<sup>305</sup>

<sup>297</sup> J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 39, 46, 56 en 59.

<sup>298</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 144.

<sup>299</sup> *Ibid.*, I, p. 117.

<sup>300</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 52 - 53; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

<sup>301</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 125 - 126.

<sup>302</sup> *Loc. cit.*

<sup>303</sup> Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 240; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art*, pp. 137 - 140

<sup>304</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

<sup>305</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 190: Register of Slaves, 1817-03-18.

In die huishouding van Von Dessin is van sy slawe met brei- en hekelwerk besig gehou. Op 2 Maart 1754 het hy die twee Kaapsgebore slavinne “Alida en Hester ieder een pr onderkoussen laten opsetten” wat op 1 April voltooi was,<sup>306</sup> terwyl beide slavinne op 1 Augustus elk aan ‘n mus begin brei het wat teen die einde van Augustus voltooi was. Selfs die slawemans Kietjil van die Kaap en Leander van die Koromandelkus moes hekelwerk doen. Die sewejarige Johanna het by twee geleenthede “ondercoussen” gebrei.<sup>307</sup> Uit die *Slaweregister* blyk dit dat ‘n algemene gebruik in Kaapse huishoudings was om, benewens volwasse slawe, ook jong slavinnetjies vir brei- en naaldwerk aan te wend. Op 21 Desember 1816 was die veertienjarige Spasie van die Kaap as breimeisie in diens van die weduwee Catharina Adriaanssen,<sup>308</sup> terwyl die negejarige Philia van Mosambiek in dieselfde jaar ‘n breislavinnetjie in die huishouding van Cornelis Brink was.<sup>309</sup>

Slawe het ook as **kleremakers** of **snyers** ‘n belangrike rol in die Kaapse huishouding gespeel. Tydens die begin van Eerste Britse Besetting het Percival opgemerk dat die uitrustings van die meeste families deur hulle slawe gemaak is. Die slawe was instaat om enige tipe kledingstuk, wat onder meer ook damesrokke ingesluit het, te maak.<sup>310</sup> De Jong het dié gegewe bevestig: “De slaven doen alles; ... kleermakers slaven naaijen.”<sup>311</sup> In die huishouding van Von Dessin het die slavinne Lisie en Hagar sy “fijne hembden” sowel as die growwe blou “salpoeris”-hemde van die slawe in die huishouding gemaak.<sup>312</sup> Soos die geval met Von Dessin se slawe, is naaiwerk meesal deur slavinne gedoen. In die *Slaweregister* is talle slavinne as naaisters of “sempstresses” in diens van Kaapstadse inwoners gelys. In 1816 was die 33-jarige Lara van die Kaap, sowel as die jeugdige Amelia en Rachel as naaisters in diens van Jan Baumgart,<sup>313</sup> terwyl beide die sestienjarige Kaapsgebore slavinnetjies Flora en Thima naaiwerk in die huishouding van Hendrik Blanckenberg behartig het.<sup>314</sup> In ‘n beskrywing van die Maleierslawe het Burchell in 1811 opgemerk dat die Maleierslavinne onder meer die mantelmakers in die Kaapse huishoudings was.<sup>315</sup> Terwyl naaiwerk oor die algemeen deur slavinne gedoen is, het slawemans die pos van kleremakers of snyers (tailors) in die huishoudings beklee. Kleremakers of snyers was geskoolde ambagslui wat in die meer gespesialiseerde behoeftes van veral manskleding voorsien het en wie se taak onder meer die neem van mates, die ontwerp en die uitsny van die patroon, sowel as die professionele aanmekeer en afronding van die kledingstuk, volgens bepaalde voorskrifte en vereistes, behels het. In 1816 was Pedro van Bengale sowel as die twee Kaapsgebore slawe Jephta en

<sup>306</sup> J.L.M. Franken, ‘n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 66.

<sup>307</sup> *Loc. cit.*

<sup>308</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21.

<sup>309</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 54: Register of Slaves, 1816-05-28.

<sup>310</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

<sup>311</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

<sup>312</sup> J.L.M. Franken, ‘n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, pp. 48 en 65 - 66.

<sup>313</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

<sup>314</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 30: Register of Slaves, 1816-05-31.

<sup>315</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.



Gideon snyers in diens van Johannes Serrurier.<sup>316</sup> In 1827 was Salomon van die Kaap 'n snyer in die huishouding van William Hunt,<sup>317</sup> terwyl die slaaf Adam van die Kaap in 1831 'n snyer in dieselfde huishouding was.<sup>318</sup> Jeugdige kleremakerslafies of vakleerlinge wat in die eerste helfte van die negentiende eeu in besit van sekere Kaapstadse inwoners was, is onder meer die twaalfjarige Daantjie van die Kaap sowel as die veertienjarige Frederik, wat aan Catharina Bianchi behoort het,<sup>319</sup> en die veertienjarige Benjamin van die Kaap, wat saam met die volwasse Present van Madagaskar in diens van die weduwee Catharina Brand was.<sup>320</sup> Op 16 Mei 1816 is beide die negejarige Dollie en die sewejarige Janie as Kaapsgebore kleremakerslafies van Johannes Blesser in die *Slaweregister* gelys.<sup>321</sup>

Na vrystelling was sommige vryslawe as naaisters, kleremakers of snyers en borduursters in Kaapstad werksaam. In 'n lys van Kaapstadse beroepe in 1820 word 76 vryswartes as naaisters, veertien as kleremakers, 21 as snyers en drie as borduursters aangedui.<sup>322</sup> In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is 26 manskleremakers of snyers, 11 naaisters en twee damesrokmakers gelys.<sup>323</sup>

As huishoudelike **skoemakers** het slawe in die skoeiselbehoefte van die eenaars en hulle gesinne voorsien deur self leer te looi en skoene te maak.<sup>324</sup> In 1832 was Nephtun van Mosambiek 'n **leerlooi** in diens van William Hunt.<sup>325</sup> 'n Paar van die slawe wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu in Kaapstadse huishoudings as skoemakers werksaam was, is onder meer die twee Kaapsgebore slawe Solomon en Pharao, wat aan Johannes Serrurier behoort het,<sup>326</sup> die twee ... Bataafse slawe Mentor en Patientie, wat in diens van Hendrik Blanckenberg was,<sup>327</sup> September van Batavia, wat skoene in die huishouding van die weduwee Johannes Brink gemaak het,<sup>328</sup> en Azor van Mosambiek, wat 'n skoemaker van Rudolph Sigfried Alleman was.<sup>329</sup> Daarbenewens was sekere vryswartes in besit van skoemakerslawe. In 1819 was Amilie van die Kaap in besit van Apollos van Bengale,<sup>330</sup> terwyl Abdul Gani van Ambon in 1821 die skoemaker Lafleur van Malabar besit het.<sup>331</sup> Op 3

<sup>316</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

<sup>317</sup> K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1827-12-29.

<sup>318</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 247: Register of Slaves, 1831-09-15.

<sup>319</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 3: Register of Slaves, 1816-05-10.

<sup>320</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 18: Register of Slaves, 1816-05-02.

<sup>321</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 8: Register of Slaves, 1816-05-16.

<sup>322</sup> N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 94 - 95.

<sup>323</sup> J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 26, 27, 34, 36 - 37, 39, 40, 44 - 45, 46, 50, 53, 56, 59 en 63 - 65.

<sup>324</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

<sup>325</sup> K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1832-07-20.

<sup>326</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

<sup>327</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.

<sup>328</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 26: Register of Slaves, 1816-05-29.

<sup>329</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 26: Register of Slaves, 1816-07-23.

<sup>330</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1819-09-18.

<sup>331</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1821-01-22.



**Figuur 69:** 'n Kaapse soogslavin, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard. Uit die aard van hulle werk het soogslavinne deurgaans van die beste versorging en behandeling in die Kaapse huishoudings ontvang.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 173.



**Figuur 70:** 'n Slawekinderbediende, getrou op haar pos om in die behoeftes van die jong blanke kind te voorsien. Weens die noue kontak het sy 'n belangrike invloed op onder meer die taal van die jong kind uitgeoefen. Detail uit '*A Cape character*' relaxing on his stoep deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. D 388.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 56.



**Figuur 71:** Op 'n uitstappie met die kinders van haar meester, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by Henry Clifford de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 104.

Augustus 1832 is die slaaf Abraham van die Kaap as skoenmaker van Abdol Rachmat aangeteken.<sup>332</sup>

Die teenwoordigheid van slavinne as **soogsters** en **kinderbediendes** in die Kaapse huishoudings blyk duidelik uit die waarnemings van besoekers, reisigers en kunstenaars (Fig. 69, 70 & 71), die *Requesten* waarin slawevrystellings versoek word, sowel as die *Slaweregister* wat in die negentiende eeu opgestel is. Net soos in Batavia die geval was, is die Kaapse kinders reeds as babas in 'n mindere of meerdere mate aan die sorg van slavinne oorgelaat. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat “deze gantsche [kinder]sorg van den beginne af aan de slavinnen ... eene zodanige Aja”<sup>333</sup> oorgelaat is, terwyl De Jong in die 1790's berig het dat die setlaarbaba pas na geboorte meesal aan die sorg van 'n slavin, wat onder meer ook die rol van soogster moes vervul, toevertrou is.<sup>334</sup> Alhoewel beide Mentzel en Thunberg die gebruik van soogslavinne bevestig het, het hulle beklemtoon dat dit eerder die uitsondering as die reël was. Mentzel het Kolbe se stelling as oordrewe uitgemaak<sup>335</sup> en volgens sy eie waarneming 'n meer gebalanseerde gevolgtrekking gemaak: “Babies are wrapped in swaddling clothes and are invariably breast-fed by their mothers, or by a wet nurse (a slave-woman), if for some reason the mother cannot do so.”<sup>336</sup> In die 1770's het Thunberg bevestig dat die Kaapse moeders selde hulle babas deur slavinne laat soog het, maar die taak meesal op hulleself geneem het.<sup>337</sup>

Soos reeds vermeld, dien die *Requesten* as bewys van die teenwoordigheid van slavinne as soogvroue en kinderversorgers in die Kapenaars se huishoudings. Dit was onder meer eienaars wat die vryheid van die slavin, wat hom en sy gesin as soogvrou en kinderoppasser op pad terug na die vaderland sou vergesel, versoek het. 'n Voorbeeld hiervan was die burger Frederick Wilhelm Storch wat in 1778 'n versoek gerig het om die slavin Melatie van Makassar as versorger van sy babaseun, Otto, saam met hom en sy gesin na Nederland terug te neem.<sup>338</sup> In die *Slaweregister* van die negentiende eeu is 'n aansienlike aantal soogsters of kinderversorgers in diens van Kaapstadse huishoudings as “nurserymaids” gelys. Van hulle was onder meer die 36-jarige Lea van Batavia, wat in 1816 as kinderbediende in diens van Stephanus Brink was,<sup>339</sup> terwyl Mamie van die Kaap, wat ook 36 jaar oud was dieselfde diens in die huishouding van Cornelis Brink verrig het.<sup>340</sup> In 1817 was die twee jeugdige Kaapsgebore slavinne Jacoba en Eva albei as kinderbediendes in diens van Henry

<sup>332</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 65: Register of Slaves, 1832-08-03.

<sup>333</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 317; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East-Indian archipelago*, p. 169

<sup>334</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 133.

<sup>335</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 108 en 110.

<sup>336</sup> *Ibid.*, p. 122.

<sup>337</sup> C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1775 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

<sup>338</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten (Memorials) I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 1112.


<sup>339</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p.73: Register of Slaves, 1816-08-01.

<sup>340</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 54: Register of Slaves, 1816-05-28.



**Figuur 72:** Slawetoedig tydens kindervermaak op 'n bok, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/45.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 19.



**Figuur 73:** 'n Slaaf neem die kinders van sy eienaar op 'n stranduitstap te perd, volgens 'n tekening van sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/10.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 83.

Alexander.<sup>341</sup> In 1819 was die 43-jarige Zyda van die Kaap 'n kinderversorger in die huishouding van David Anosi.<sup>342</sup> Daarbenewens word die teenwoordigheid van bejaarde kinderoppassers en -versorgers of *aja's* in die Kaapse huishoudings in die *Slaweregister* bevestig. In 1816 was die sewentigjarige Mariana van Mauritius die kinderbediende in die huishouding van Hendrik Vos,<sup>343</sup> terwyl 'n 64-jarige Leonara van Bengale in 1820 dieselfde taak in die huishouding van Andries Smitsdorff gehad het.<sup>344</sup> Aaltjie van die Kaap is op 27 Maart 1833 as die 64-jarige kinderversorger in diens van George Stegman gelys.<sup>345</sup>

Wat die herkoms van die kinderbediendes betref, het Semple tydens die Eerste Britse Besetting in sy beskrywing van die Mosambiekse slawe opgemerk dat hulle onder meer as kinderbediendes in die Kaapse huishoudings aangewend is,<sup>346</sup> terwyl Burchell 'n paar jaar later die Maleierslavinne onder meer as kinderbediendes uitgesonder het.<sup>347</sup> Uit die *Slaweregister* vir Kaapstad en distrik wat die tydperk 1816 tot 1838 dek, blyk dit dat oorwegend Kaapsgebore slavinne vir dié taak uitgesonder is.<sup>348</sup>

Terwyl die jong slawekinders in die huishouding die speelmaats van die blanke kleuters was, is die ouer telge deur die jeugdige slaweseuns en meer volwasse slawemans rondgekarwei, vermaak en bedien.<sup>349</sup> Golovnin het melding gemaak van die jong Europeërseuntjies van vier of vyf jaar wat op spesiaal afgerigte bokke in die kuns van perdry ingelyf is.<sup>350</sup> 'n Illustrasie van sir Charles D'Oyly (1781 - 1845) in 1832 (**Fig. 72**), toon aan dat slawe by dié aktiwiteit betrokke was. Slawe het ook as oppassers en perdebegeleiers tydens perdryuitstappies met die eienaar se kinders opgetree (**Fig. 73**).

Soms was die slavin wat die kinderbediende was die algehele versorger van die kind.<sup>351</sup> Tydens die geboorte het sy hulp verleen,<sup>352</sup> die baba gesoog en versorg en hom op sy doopdag na die kerk gedra.<sup>353</sup> Sy was in wese die versorger, oppasser, opvoeder, vertroueling en selfs die tweede moeder van die jong kind. Weens die noue kontak tussen die kind en sy versorgerslavin, was dit onvermydelik dat sy 'n belangrike invloed op hom sou uitoefen. Le

<sup>341</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

<sup>342</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 25: Register of Slaves, 1819-08-25.

<sup>343</sup> K.A.B.: SO. 6/33, p. 43: Register of Slaves, 1816-09-05.

<sup>344</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 141: Register of Slaves, 1820-08-25.

<sup>345</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 36: Register of Slaves, 1833-03-27.

<sup>346</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 53.

<sup>347</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

<sup>348</sup> K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35, 1816 - 1838.

<sup>349</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 98.

<sup>350</sup> V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay: the story of the detention of the Imperial Russian Sloop Diana from April 1808 to May 1809* (red. O.H. Spohr), p. 59.

<sup>351</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 30.

<sup>352</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 306 - 307.

<sup>353</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 311; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 122.

Vaillant was van mening dat die familiariteit wat tussen die soogvrou en die setlaarkind ontstaan het, bepaald 'n invloed op sy maniere en opvoeding gehad het.<sup>354</sup> In die 1790's het Barrow die mening gehuldig dat die noue kontak onvermydelik tot gevolg sou hê dat die kind regdeur sy lewe met groter liefde en toegeneëtheid na sy versorgerslavin as na sy natuurlike ouers sou opsien.<sup>355</sup>

Die gebruik van slavinne as soogsters en kinderbediendes het volgens waarnemers ongetwyfeld 'n negatiewe invloed op die burgerkinders gehad. Die smaak en sedes van die slavinne is, volgens De Jong, aan die kinders oorgedra. Daarbenewens is hulle deur die slavinne bederf en het hulle sin in alles gekry sodat 'n meerderwaardigheidsgevoel, "een hoogmoed en heerszucht ... , die niet te beteugelen zijn" teenoor hulle oppasserslavinne ontwikkel het.<sup>356</sup> Percival het krities opgemerk dat een van die eerste lesse wat die jong kind ontvang het, die dominerende en belediging van die slawe is wat aan hulle nukke en giere onderworpe was.<sup>357</sup> Aangesien alles van kleins af deur die onderdanige slavin vir die kind gedoen is, het 'n mate van ongehoorsaamheid, heersug, gemaksug en werkskuheid reeds op 'n vroeë ouderdom by sommige kinders posgevat. Volgens Barrow moes die kinderbediende heeltyd na die pype van die kind dans, haar na sy giere en nukke skik en sy sin in alles gee. Die rondkarweiery van die klein meester sou haar spoedig laat beseef waarvoor sy arms en bene ontvang het.<sup>358</sup> Semple was egter van mening dat die invloed van die slavin ten spyte van die noue kontak tussen haar en die eienaar se kind – veral in sy meer volwasse jare – gering was.<sup>359</sup>

Uit die aard van haar werk was daar 'n spesiale band tussen die soogslavin en die familie in wie se diens sy was. Sy het 'n bevoorregte posisie ten opsigte van ander slawe in die huishouding beklee en het spesiale behandeling ontvang wat onder meer goeie en voedsame voedsel en drank, sowel as geskenke ingesluit het. Daarbenewens het sy as beloning vir die grootmaak van verskeie kinders in die eienaar se huishouding, die vooruitsig op vrystelling gehad.<sup>360</sup> Weens hulle intieme betrokkenheid by die familie en om sentimentele redes is soogvroue en kinderoppassers van die veilingstafel weggehou. Hulle was die waardevolste slawe in die huishouding en is selde indien ooit verkoop. Indien hulle wel in uitsonderlike gevalle die veilingstafel gehaal het, het hulle besonder hoë pryse in ongewone veilingsdramas behaal.<sup>361</sup> Volgens getuienis van die vryslavin Katie Jacobs het sy as pleegmoeder van haar sieklike eienares se eersgebore babaseun baie goeie behandeling ontvang en is sy as deel van die familie gereken.<sup>362</sup>

<sup>354</sup> F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 306 - 307.

<sup>355</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

<sup>356</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 133.

<sup>357</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 280.

<sup>358</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47.

<sup>359</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 30.

<sup>360</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

<sup>361</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 325 - 326.

<sup>362</sup> *Ibid.*, pp. 311 - 312.

Na die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 het plaaslike vrugbare slavinne die enigste natuurlike en wettige bron van nuwe slawe vir die Kaap geword. Aangesien lakterende vroue gewoonlik onvrugbaar is, is daar na 1805 opmerklik minder van soogslavinne gebruik gemaak, aangesien die eienaars nie kon beskostig dat die slavinne as “slaweproduseerders” hulle vrugbaarheid deur laktasie verbeur nie. Daarbenewens moes hulle na geboorte hulle eie babas voed en versorg. Alhoewel inwonende soogvroue na 1808 drasties afgeneem het, het die verskynsel nie heeltemal verdwyn nie, aangesien hulle voortaan gehuur is.<sup>363</sup> In 1820 het drie ongeskoolde vryswart vroue hulle dienste as soogvroue in Kaapstad uitverhuur.<sup>364</sup>

Die soogvroue, kinderoppassers en -bediendes het onteenseglik ‘n integrale en onontbeerlike rol in die lewe van die jong kind in die Kaapse huishouding gespeel. As soogsters en versorgers het die slavinne onuitwisbare indrukke op die kind in sy mees ontvanklike jare gemaak, terwyl sterk bande van toegeneëndheid en liefde tussen die *aja* en die kind oor klas- en kleurgrense heen gesmee is.<sup>365</sup> Daarbenewens het hierdie kinderbediendes onwetend as die vertroude en geliefde “opvoeders” van die jong kind in die Kaapse huishouding opgetree.<sup>366</sup> Hugo konstateer dat die kinderbediendes in die uitvoering van hulle taak en deur hulle noue kontak met die jong blanke kind, ‘n invloed op die taal uitgeoefen het: “And the language they learnt from the lips of those slaves – was it not the *lingua vernacula*, the Cape Dutch of the slaves, die Cape vernacular? Truly, our forbears may be said to have imbibed the vernacular language together with the vernacular milk, ...”<sup>367</sup> Hierdie stelling verskaf inderdaad stof tot nadenke ten opsigte van die belangrike rol wat die slawesoogvroue en -kinderoppasters in die Kaapse huishouding gespeel het en die invloed wat hulle op die Afrikaanse taal gehad het. So prominent was die plek van dié slavinne in die Kaapse gemeenskap dat twee terme, naamlik *minnemoer* of *mina* (lief-ma) en *aiya* (‘n bejaarde kinderversorgster) in die koloniale kreoolse taal aan die Kaap neerslag gevind het.<sup>368</sup> Of dit nou positief of negatief is – die rol van die slawekinderbediende in die Kaapse huishouding mag nie onderskat word nie en haar invloed op menige blanke kind, binne die huishouding en op die breër Kaapse gemeenskap, is nie te miskien nie.

Weens hulle liefde vir musiek en dans<sup>369</sup> het sekere gegoede en vername Kaapstadse inwoners ‘n aantal slawe in diens gehad wat tydens feesgeleenthede die tafel- en dansmusiek in die huishouding verskaf het.<sup>370</sup> In die vroeë negentiende eeu het Augusta de Mist melding gemaak

<sup>363</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 305 en 310; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXX*, p. 405.

<sup>364</sup> N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

<sup>365</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 311 - 312.

<sup>366</sup> A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 18.

<sup>367</sup> *Loc. cit.*

<sup>368</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 312.

<sup>369</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 110; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 99 en 130; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 31; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 48; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 372.

<sup>370</sup> C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 51; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.

van verskeie Kaapse families wat in besit van **slawemusikante** was,<sup>371</sup> terwyl Lichtenstein in dieselfde tyd haar waarneming bevestig het.<sup>372</sup> Die musikaliteit van die Maleierslawe is deur Semple<sup>373</sup> en lady Duff-Gordon<sup>374</sup> bevestig. Alhoewel hulle 'n gewilde keuse as musikante in die huishouding was, is ander slawe egter ook as musikante aangewend. Op 20 Augustus 1817 is Lendor van Ceylon pertinent as musikant in die *Slaweregister* gelys,<sup>375</sup> terwyl Joachim von Dessin op 30 April 1756 die aankoop van die veelsydige Jason van Madagaskar in sy *Memoriaal* aangeteken het. Benewens sy bedrewenheid as kok en banketbakker “kan denselven [ook] op de fluijt, hobooy en waldhoorn spelen, waarvan ik 't eerste deesen avond ook gehoort hebbe”.<sup>376</sup> Dat Jason nie die enigste slawemusikant in die Von Dessin-huishouding was nie, blyk uit die aantal musiekinstrumente wat in die “opcaamer” gebêre is. Dit het twee trompette, twee horings, twee viole, 'n basviool en 'n hobo ingesluit,<sup>377</sup> wat na sy dood tydens 'n boedelvendusie op 26 tot 28 Oktober 1761 by sy sterfhuis verkoop is.<sup>378</sup>

Pieter van Breda, eienaar van die Kaapstadse marktuin Oranjezicht, het 'n slawehuisorkes van dertig fluit- en vioolspelers in uniform gehad. Voor 'n musiekkonsert in die groot tent wat in sy tuin opgeslaan is, is 'n vlag gehys om alle Kaapse musiek liefhebbers na Oranjezicht te nooi.<sup>379</sup> Die orkesgalery met sy lae klipmure was net 'n entjie van die huis af.<sup>380</sup> Dié slaweorkes het na die afskaffing van slawerny nog voortbestaan en was in 1839 die trekpleister na 'n geselligheid wat deur Michiel van Breda in die Vrymesselaarslosie op Heilige Johannes-dag gehou is.<sup>381</sup>

Slawemusikante het veral voor, tydens en na die huweliksonthaal van 'n Kaapse egpaar 'n belangrike rol gespeel. Hulle moes alreeds die aand van die eerste “afroeping” by die huis van die bruid musiek verskaf waar daar tot laat in die nag feesgevier is “met eeten en drinken, danzen en springen, en allerhande vermakelykheden”.<sup>382</sup> Die Donderdag-aand voor die troue moes die slawemusikante op hulle pos wees om musiek te maak op 'n feestigheid waartydens die meeste bruilofsgaste teenwoordig was. “The musicians play up, and the bridal pair lead the

<sup>371</sup> A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

<sup>372</sup> H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, I, p. 34.

<sup>373</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape Good Hope*, pp. 47 - 48.

<sup>374</sup> Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 80.

<sup>375</sup> K.A.B.: SO. 6/33, p. 50: Register of Slaves, 1817-08-20.

<sup>376</sup> J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 60.

<sup>377</sup> *Ibid.*, p. 58; J. Bouws, Slawemusiek in vergange se dae, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10.

<sup>378</sup> K.A.B.: MOOC. 10/8, nr. 43: Vendurollen, 1761-10-26/27; MOOC. 8/10, nr. 76: Inventarissen, September, 1761.

<sup>379</sup> J.H. Verduyn den Boer, *Schetsen uit het Kaapse leven van de 18e en 19e eeuw I*, p. 6; J. Bouws, *Solank daar musiek is ...*, p. 13.

<sup>380</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 95.

<sup>381</sup> C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 29.

<sup>382</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.



dance in a stately minuet”, aldus Mentzel.<sup>383</sup> Tydens die huweliksonthaal het slawemusikante van òf die goewerneur òf die bruidegom òf wat van ander persone gehuur is, die tafel- en dansmusiek verskaf.<sup>384</sup> Die musikante moes tot twaalfuur middernag of selfs eenuur vroegoggend die dansmusiek verskaf en soms die volgende dag weer op hulle pos wees wanneer die fees voortgesit is.<sup>385</sup>

In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat talle vryslawe in Kaapstad hulle brood verdien het deur ander slawe in musiek te onderrig.<sup>386</sup> In 1834 is drie vryswart musikante in *The South African directory and almanac* gelys. Hiervolgens was Jefta ‘n musikant, Sampson ‘n vioolspeler en Kippey ‘n “musikant en verskaffer van kwadrilmusiek”.<sup>387</sup>

Die volgende groep slawe wat ‘n belangrike rol in die huishouding gespeel het, was **huisknigte** en **-bediendes** wat vir die algemene sindelikheid en netheid van die huis verantwoordelik was. Hulle taak het onder meer ook die opmaak van beddens,<sup>388</sup> die opvryf van meubels en die poets van vloere behels.<sup>389</sup> Dit was veral die Maleierslavinne wat vir die orde en netheid van die huis verantwoordelik was. Hulle kon van enige artikel in die huis verslag doen, het die linnegoed en klere netjies in die kaste gepak, terwyl sleutels ook aan hulle toevertrou is.<sup>390</sup> Die slavinne van Malabar is vir die ligter huishoudelike take aangewend, wat onder meer die skoonmaak en rangskik van meubels behels het.<sup>391</sup> ‘n Voorbeeld van slawe wat as huisbediendes in die *Slaweregister* gelys is, is Februarie van Batavia en November van Mosambiek wat op 27 Mei 1816 huisbediendes in die huishouding van David Byl was.<sup>392</sup> Selfs na vrystelling het voormalige slawe hulle dienste as huisbediendes aan die Kaapstadse inwoners uitverhuur. ‘n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 dui twintig vryswartes as huisbediendes aan.<sup>393</sup>

Sekere slawe het die poste van **lyf-** en **kamerbediendes** sowel as **persoonlike knigte** en **diensmeisies** beklee. Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat veral die halfslag Kaapsgebore slavinne met Europese vaders hiervoor uitgesonder is. ‘n Voorbeeld uit die *Slaweregister* is Lea van die Kaap wat op 15 Mei 1816 as diensmeisie in die huishouding van Jan Baumgart aangeteken is.<sup>394</sup> Hierdie slawe het ‘n bevoorregte plek in die huishouding

<sup>383</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 119.

<sup>384</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.

<sup>385</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 121.

<sup>386</sup> H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34.

<sup>387</sup> G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 225, 227 en 242.

<sup>388</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

<sup>389</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

<sup>390</sup> R. Semple, *Walks and sketches at the Cape Good Hope*, p. 52.

<sup>391</sup> *Ibid.*, pp. 52 - 53.

<sup>392</sup> K.A.B.: SO. 6/31, p. 24: Register of Slaves, 1816-05-27.

<sup>393</sup> N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

<sup>394</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.



**Figuur 74:** 'n Slavin volg haar meesteres na die kerk, terwyl sy dié se gesangeboek dra, volgens 'n waterverftekening van H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes*. Water colours by Henry Clifford de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg (Johannesburg, 1978), p. 37.



**Figuur 75:** Deel van die gemaklike lewe aan die Kaap – 'n slavin wat haar duidelik vergenoegde meester met 'n drankie bedien, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. D 388.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 56.

gehad en was onder meer beter as die ander slawe in die huishouding geklee.<sup>395</sup> Die persoonlike diens- of kamermeisie het in die onmiddellike omgewing van haar meesteres se kamer geslaap, terwyl sy met kerkgang op Sondag die meesteres se psalmboek<sup>396</sup> (**Fig. 74**) en tydens kuieruitstappies dié se naaldwerksak gedra het. Aan tafel het sy as persoonlike bediende van haar eienares opgetree.<sup>397</sup> As vertroueling van die familie het sy haar ore gespits vir die sake van die bure en so vertroulike en tersaaklike inligting oor hulle doen en late, sowel as oor interessante gebeure, heimlik aan haar meesteres oorgedra.<sup>398</sup> Uit die aard van haar werk is die kamermeisie eerder as 'n metgesel as 'n slavin beskou en dienooreenkomstig behandel.<sup>399</sup> Sy het selde indien ooit moeisame werk verrig.

Terwyl lyfknegte deurgaans gereed was om die meester te bedien, sy drankie te skink,<sup>400</sup> sy lang pyp aan te steek en vas te hou en die kwispedor gereed te hou,<sup>401</sup> het van die slavinne ook hand bygesit met die bediening van verversings en drankies aan die meester (**Fig. 75**). Tydens die besoeke en kuiertjies van vriende was huisslawe die bediendes wat die deur vir gaste oopgemaak, voetstofies aangedra en die mangaste met gestopte pype en lewendige kole in kolelessies bedien het.<sup>402</sup> Die kolelessie is met kole vanuit die haard of doofpot, 'n koperpot waarin die smeulende kole gereed gehou is, aangevul. Later die aand sou hulle van die gasheer opdrag ontvang "om de speeltafel, kaarten, kaarsen enz. klaar te zetten"<sup>403</sup> vir 'n gesellige speletjiesaad met sy mansvriende waartydens daar klawerjas en *l'ombre lanterloo*, skaak, *triktak* en *ganzenbord* gespeel is.<sup>404</sup> Soms is die meester deur sy biljartmerker by die biljarttafel bygestaan.<sup>405</sup> Op 16 November 1816 is Bastiaan van die Kaap as 'n biljartmerker in die *Slaweregister*<sup>406</sup> gelys, terwyl Anthony van Mosambiek op 25 Mei 1816 as die biljartmerkerslaaf van Pieter Streun aangeteken is.<sup>407</sup>

As **tafelbediendes** en **kelners** het die slawe 'n belangrike rol tydens daaglikse etes sowel as funksies vervul. Tydens partytjies, huweliksonthale en danse het huisslawe as bediendes en

<sup>395</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

<sup>396</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143; I.E. Edwards, *Towards emancipation*, p. 16.

<sup>397</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 286.

<sup>398</sup> R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52; R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

<sup>399</sup> W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 74; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 55.

<sup>400</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 254; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 93 - 94.

<sup>401</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 374.

<sup>402</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 105 - 106; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 265.

<sup>403</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 371.

<sup>404</sup> R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 82; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 105.

<sup>405</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

<sup>406</sup> K.A.B.: SO. 6/35, p. 13: Register of Slaves, 1816-11-16.

<sup>407</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 24: Register of Slaves, 1816-05-25.

kelners eetgerei, kos en drank aan gaste bedien.<sup>408</sup> Dit was veral tydens huweliksonthale en die huweliksdans wat slawebediendes met eetgoed en vloeibare verversings, soos tee, koffie, sjokoladedrank, amandelmelk, wyn en bier, versigtig tussen die gaste rondbeweeg het, terwyl hulle ook pype en tabak op skinkborde aan manlike gaste bedien het.<sup>409</sup> As deel van hulle pligte as bediendes tydens feesvieringe, het 'n slavin kort voor 'n huweliksonthaal gewoonlik die bruid en bruidegom wat oppad terug was van die seremonie, 'n entjie van die huis af met twee borde strooisel tegemoet geloop "which is gayly strewn as on the way to Church", aldus Mentzel.<sup>410</sup>

Tydens maaltye was huisslawe immer teenwoordig om die maaltydgangers tot diens te wees. Voor die familie en gaste aangesit het, is 'n waskom en handdoek vir die was van hande deur 'n slavin binnebring. Na die ete is dié prosedure herhaal.<sup>411</sup> Die toneel tydens 'n Kaapse maaltyd en die betrokkenheid van 'n verskeidenheid slawe as tafelbediendes is deur De Jong beskryf:

... de tafels, die met een aantal schotels, aangenaam en kostbaar klaargemaakt; opgevuld en omring zijn van slaven, van welken sommigen met een groene tak, of wel met een waaijer van paauwen-vederen, de vliegen van de spijzen houden, en anderen de aanzittende gaste bedienen. Op een afstand staan weder anderen, die de schotels verruilen of dranken aanreiken, die men niet op tafel vindt.<sup>412</sup>

Weens die veelheid en lastigheid van die vlieë<sup>413</sup> was die gemelde **vlieëwaaiers** onontbeerlik aan die Kaapse tafel "om dezelve [vliegen] met een' daartoe vervaardigden waaijer af te weren," aldus Teenstra.<sup>414</sup> Volgens die susters Lammens is die vlieë deur 'n slaaf "met een waeijer aan een lange stok" van die borde en skottels weggeawai.<sup>415</sup> Benewens die vlieëwaaiers, was sommige slawe die aangesetenes behulpsaam, terwyl ander as kelners opgetree het deur kos en drank wat nie op die tafel was nie, aan die maaltydgangers te bedien.<sup>416</sup> Soms was tot 25 tafelbediendes tydens 'n enkele maaltyd teenwoordig.<sup>417</sup> Op 26 Augustus 1832 is Spadille van Mosambiek pertinent as kelner in die *Slaweregister* gelys.<sup>418</sup>

<sup>408</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 120 - 121.

<sup>409</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 306 - 307; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 121

<sup>410</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 120 - 121.

<sup>411</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 56; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 105.

<sup>412</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 117 - 118.

<sup>413</sup> *Ibid.*, pp. 123 - 124; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 137.

<sup>414</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 126.

<sup>415</sup> Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 97.

<sup>416</sup> J. Idenberg, *The Cape of Good Hope*, p. 17.

<sup>417</sup> Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 97.

<sup>418</sup> K.A.B.: SO. 6/30, p. 130: Register of Slaves, 1832-08-26.